

Saterdag 29 April

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26, 27

Die Gees tree vir ons in

Die gebed is 'n onmisbare deel van ons geloofslewe. Daarsonder ver-skrompel ons geloof en verdwyn ons hoop op die Groot Toekoms, die bevry-ding van die skepping aan die verganklikheid. Ons weet egter nie altyd hóé en wát ons moet bid nie. Is daar iemand wat kan help?

Ja, skryf Paulus, die Gees van God staan ons in ons swakhede by. Hy pleit vir ons met woordelose versugtinge. Dit beteken (hier) nie dat die Gees buite ons om vir ons bid nie, maar die Gees bid en deur ons harte. En hoe gelukkig is ons: Die Gees pleit volgens die wil van God vir ons! God weet ook wat die bedoeling van die Gees is!

Drie keer word daar in Romeine 8 van *versugting* gepraat: die skepping sug (vs 22), die kinders van God sug (vs 23) en hier: die Gees van God sug (vs 26). Die Gees vang as't ware met sy versugtinge ons versugtinge op en lê dit aan die God van genade voor. Die Gees vertaal ons versugtinge só dat God verstaan wat ons bedoel as ons bid, naamlik dat ons reikhalsend op ons verlos-sing en op die nuwe skepping hoop. Christus het ons immers verlos en bevry van die sonde en dood, en niks kan ons meer van sy liefde en die liefde van God skei nie (vs 31-39).

Bid jy nog? Besef jy dat die Gees jou stamelende gebed aan God voorlê? Bid jy nog om die koms van die Groot Toekoms en die aanbreek van die ko-ninkryk van God?

Sing: Skrifberyming 9-6:1, 4-7

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)